Sondag

3 Junie 2018 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: "Om geken te word"

Skriflesing: Psalm 139

Broodjies vir die pad

"The meeting of two personalities is like the contact of two chemical substances: if there is any reaction, both are transformed."
— C.G. Jung

"I'm sure I am wrong about many things, although I'm not sure exactly which things I'm wrong about. I'm even sure I'm wrong about what I think I'm right about in at least some cases."
— Brian D. McLaren, A Generous Orthodoxy

"Loneliness does not come from having no people about one, but from being unable to communicate the things that seem important to oneself, or from holding certain views which others find inadmissible."
— C.G. Jung

"What if the Christian faith is supposed to exist in a variety of forms rather than just one imperial one? What if it is both more stable and more agile—more responsive to the Holy Spirit—when it exists in these many forms? And what if, instead of arguing about which form is correct and legitimate, we were to honor, appreciate, and validate one another and see ourselves as servants of one grander mission, apostles of one greater message, seekers on one ultimate quest?"
— Brian D. McLaren, A New Kind of Christianity: Ten Questions That Are Transforming the Faith

"There are as many nights as days, and the one is just as long as the other in the year's course. Even a happy life cannot be without a measure of darkness, and the word 'happy' would lose its meaning if it were not balanced by sadness."
— C.G. Jung

In die mens is daar nou maar eenmaal 'n drang om te vernietig,
'n drang om dood te maak, te moor en te woed,
en solank die hele mensdom, sonder uitsondering,
nie metamorfoseer nie ('n gedaante verandering deurloop),
sal oorlog woed, sal alles wat gebou, versorg en gegroei is,
afgesny en vernietig word
en dan begin alles weer van voor af…
(Anne Frank)

"That is what mature faith requires — not pride over how much one sees and understands, but humility, the feeling that one is still a child, certain of so little, still so dependent on God and others, with so much still to learn — including so much more to learn about humility."
— Brian D. McLaren, A Search for What Makes Sense: Finding Faith

"Faith, then, is not a set of beliefs about the world. It is rather found in the loving embrace of the world. Because the actual existing church has reduced the Crucifixion and Resurrection to religious affirmations held by a certain tribe, rather than expressions of a type of life, the event they testify to has been almost completely eclipsed."
— Peter Rollins, The Divine Magician: The Disappearance of Religion and the Discovery of Faith

"It is natural for us to think that our present discontent arises as a result of something we currently do not have. We imagine there might be a way of abolishing the feeling if only we had the money, fame, job, or health that currently evades us. But people from all walks of life seem to experience the same kind of dissatisfaction that we do, even when they have the very things we believe would make our lives whole. And on the occasions when we gain the thing we believe will make us happy, we find that the satisfaction we experience is at best partial and at worst utterly unfulfilling."
— Peter Rollins

Ek is Anna, praat oor my, groot asseblief!

Charles Smith

Eers wil ek verby die vrou stap wat my in die straat roep. Ek weet sy vra vir stukwerk of geld. Dit is Saterdag vroeg. Ek stap met my hond, Pistool, en is ’n paar strate van my huis af.

Ek het dus ’n goeie verskoning om net te groet en aan te hou stap. Maar toe ek na haar kyk, krimp alles in my ineen. Sy is grys van die honger. Die wanhoop in haar gesig oorrompel my. En ook die feit dat sy, wat honger is, by my moet smeek vir iets om van te leef.

Wat is jou naam, mme? vra ek.

“Ek is Anna,” sê sy. “Ek soek net ’n piece job vir die oggend, asseblief, ntate. Ek wil net iets verdien om brood te kan koop. Ek stap al van 06:00 af van huis na huis, maar ek kry niks nie. Ai, ek is so honger, so honger . . .”

Anna is ’n huiswerker wat net een dag per week werk. Sy moet dus op sowat R150 of minder per week oorleef. Dit is onmoontlik. En nou, op ’n Saterdag, moes sy om 04:00 opstaan en haar laaste geld gebruik om taxi’s en busse te haal om te kom bedel in ’n woonbuurt waar sy soms werk. Wanneer knak jou trots? Wanneer raak die honger te veel om ordentlik te wees?

Ek nooi haar uit na my huis. Ek het warm kos en sy kan wasgoed uithang en ek kan na haar storie luister. Ek het ’n paar strate terug met oom Micheal Moosi gepraat wat op 82 steeds tuinwerk doen. Hy soek nóg werk.

Ek stap terug na my huis en skakel die televisie aan vir die Superrugby. Later die middag kan ek ’n DVD kyk en iets van die Leeus teen die Brumbies kyk. Die aand kan ek my mond op sosiale media oor die Ashwin Willemse-sage uitspoel.

Maar Anna – waarheen gaan sy terug? Na ’n sinkhuis sonder elektrisiteit en lopende water. Sonder televisie. Met die kommer wat in haar broei oor Sondag se kos, Maandag se wanhoop.

En daar is seker 10 miljoen Annas wat moet bedel, met werklose kinders in wie se bloed die wanhoop woede word terwyl ’n regering miljarde rande elke dag steel, vermors en aan sinlose projekte bestee.

Ons moet weet hoe voel dit om Anna te wees in daardie taxi of bus terug na die plakkerskamp. Luukse voertuie is die strate vol, baie is amptenare wat haar buurt water en krag skuld. Ons moet probeer voel hoe voel Anna voor sy aan die slaap raak.

Anna daag nie op by die huis nie. Ek en my dogter klim in die bakkie en ry in die woonbuurt rond totdat ons haar kry. Sy was by die verkeerde huis, vertel sy pleitend. Dis orraait, Anna, sê ek. Ek moet ry, maar ek kan help met geld vir kos. Maar vertel my iets van jouself, asseblief.

Ek is Anna Dudu Mokwena, sê sy. Ek bly in Turflaagte. Alleen. Ek wil werk. Ek is ’n goeie werker. Mag God jou seën vir die geld, ntate.

Mag God jóú seën, Anna van Turflaagte. En ons help om oor jou te praat.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ek-is-anna-praat-oor-my-groot-asseblief-20180523

Brood vir die pad

Hoe ons praat kan hoop gee – of dit kan dit wegneem

RRV

Die Stellenbosse filosoof Johan Degenaar het dikwels vertel hoe ’n opmerking by ’n konferensie in 1974 oor die kerk en nasionalisme hom bygebly het.

Ná een van die voordragte het ’n heftige gesprek gevolg, waartydens ’n swart afgevaardigde vir ’n afgevaardigde gesê het: “As jy só praat, dan verloor ek hoop.” Hierdie opmerking het Degenaar met die diep besef gelaat dat hóé ons praat saakmaak.

Dit is steeds akuut en aktueel: Hoe praat ons met mekaar? Praat ons op ’n manier wat opbouend en hoopgewend is? Of praat ons op ’n wyse wat ander wond en moedeloos laat?

Die meeste van ons sal waarskynlik aan baie voorbeelde kan dink van hoe ’n verharding ingetree het ten opsigte van die manier waarop ons met mekaar praat – in ons persoonlike verhoudinge, op sosiale media, en in professionele en openbare ruimtes. Woorde word wapens waarmee ons mekaar kleineer en verdag maak.

Hoe ons praat, bring dan maklik verwydering eerder as wat dit die gemeenskap deur ’n eerlike soeke na waarheid stig. Die vermaning in Kolossense klink daarom steeds gepas: “Wat julle sê moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig” (Kol. 4:6). Of soos die Engels lui: “Let your speech always be gracious, seasoned with salt.”

Daar word vertel dat die Franse filosoof Paul Ricoeur dikwels sy seminare met studente begin het met die vraag: D’où parlez-vous? Van waar praat jy? In hierdie vraag sit ’n belangrik insig.

Ons almal praat vanaf ’n sekere plek. Ons storie stempel ons spreke. Ons blik op sake is dus maar één perspektief op dinge. As hierdie besef afwesig is, word ons manier van praat maklik benouend, fanaties, en humorloos.

Ricoeur se vraag dui ook op die bereidheid om te luister en te probeer verstaan hoekom die ander persoon sekere dinge sê. Dit gee uitdrukking aan ’n bereidheid om ander se uniekheid en waardigheid te respekteer. Groter erns met die vraag waarvandaan ons praat, sou dus ’n waardevolle stap wees om ongeduldigheid en ongenaakbaarheid in ons manier van praat met mekaar teë te werk.

En dit is belangrik, want – soos Degenaar tereg uitgelig het – hoe ons praat, maak inderdaad saak.

Maar saam met die vraag waarvandaan ons praat, kan ons ook vra: Waarnatoe praat ons? Met watter toekoms in gedagte praat ons? ’n Sekere manier van praat kan maak dat ’n mens hoop verloor.

Maar ’n sekere hoop – ’n hoop op nuwe maniere van saamleef en op ’n gedeelde toekoms – kan juis maak dat ons ánders praat.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/hoe-ons-praat-kan-hoop-gee-of-dit-kan-dit-wegneem-20180525

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877